
BOEREKRYGSGEVANGENEKUNS VERVAARDIG OP ST. HELENA GEDURENDE DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902

Vicky Heunis

Universiteit van Pretoria

vicky@anglo-boer.co.za

Fransjohan Pretorius

Universiteit van Pretoria

fransjohan.pretorius@up.ac.za

In hierdie studie word die krygsgevangenekuns wat op St. Helena vervaardig is deur middel van 'n kultuurhistoriese benadering bekyk – die motiverings waarom dit vervaardig is, die gereedskap waarmee, en beskikbare roumateriaal waarvan dit vervaardig is, spesialisasievakmanne verantwoordelik vir die vervaardiging, en die verspreiding en vestiging van afsetgebiede vir die verkoop en uitstalling van Boerekrygsgevangenekuns.

Sleutelwoorde: Boerekrygsgevangenekuns; krygsgevangenekuns; krygsgevangenehandwerk; krygsgevangenekunsvervaardiging; krygsgevangene; krygsgevangenekamp; Anglo-Boereoorlog; Suid-Afrikaanse Oorlog; St. Helena; Deadwood; Broadbottom

Boer prisoner-of-war art manufactured on St. Helena during the Anglo-Boer war, 1899-1902

In this study, prisoner-of-war art manufactured on St. Helena is investigated through a cultural-historical approach – motivations why this was manufactured, the tools used and available raw materials from which the objects were made, specialization by prisoners of war responsible for the manufacturing of prisoner-of-war art objects, as well as the distribution and establishment of outlets for the sale and exhibition of Boer prisoner-of-war art, are presented.

Keywords: Boer prisoner-of-war art; prisoner-of-war art; prisoner-of-war handcraft; prisoner-of-war art manufacturing; prisoner of war; prisoner-of-war camp; Anglo-Boer War; South African War; St. Helena; Deadwood; Broadbottom

Inleidend

Heelwat is al oor die Anglo-Boereoorlog, ook bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902, geskryf. Tog is slegs enkele publikasies gewy aan die krygsgevangenekuns deur Boerekrygsgevangelenes. In SPR Oosthuizen se ongepubliseerde doktorale proefschrift "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangelenes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902" (1975), handel die onderafdeling getiteld "Skeppende talent ontluk" oor die handwerkbedrywighede wat die krygsgevangelenes beoefen het. P Oosthuizen

se *Boer War memorabilia: The collectors' guide* (1987) bevat 'n ryklik geïllustreerde hoofstuk getiteld "Prisoner-of-war handicraft" met foto's van ongeveer 64 krygsgevangenekunsvoorwerpe. *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (1992) deur JC Pretorius, bevat 'n hoofstuk getiteld "Volkskuns van Boerekrygsgevangenes" en in E Wessels se *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (2010) kom daar in elke hoofstuk 'n afdeling getiteld "Handwerk" voor.

Enkele artikels in tydskrifte en joernale oor die spesifieke onderwerp het ook al die lig gesien. Dit sluit die volgende in: "Boer prisoner of war handcraft at the South African Museum of Military History" deur A Sinclair in die *Military History Journal* 11(3/4) van Oktober 1999; E Itzkin se artikel "Handcraft by Boer prisoners of war", in G Verhoef (ed.), *The Anglo-Boer War: Commemorative lectures at the Rand Afrikaans University, 1999*, asook die artikel deur F Pretorius getiteld 'Boer prisoner of war art' in *History Today* 56(3) van Maart 2006.

Die voorafgaande bronverwysings dui daarop dat daar min sekondêre, gepubliseerde literatuur oor die onderwerp van boerekrygsgevangenekuns beskikbaar is. Alhoewel die bronne 'n goeie oorsig oor boerekrygsgevangenekuns as onderwerp gee, vorm dit dikwels deel van 'n groter studie en kon die outeurs nie uitbrei op die inligting nie, of word daar hoofsaaklik op een aspek gefokus soos pioniersvolkskunsmotiewe wat op voorwerpe voorkom. Navorsers verwys na enkele oorspronklike dagboeke of herinneringe van sekere krygsgevangenes en dit word dan as die norm aanvaar en op al die lande en kampe toegepas waar krygsgevangenes aangehou is. Algemene afleidings word dus gemaak en die kultuurhistoriese betekenis en relevansie van die krygsgevangenekunsvoorwerpe kom nie in totaliteit duidelik na vore nie.

Navorsingsmetode en bronne

Primêre bronne wat geraadpleeg is, sluit in ongepubliseerde persoonlike argivale materiaal soos dagboeke, herinneringe, plakboeke, korrespondensie, asook foto's van krygsgevangenes wat by nasionale en provinsiale argiewe, universiteite, museums asook privaat versamelings geraadpleeg is. Veral die argief en persoonlike dokumentasie van die kultuurhistorikus K Roodt-Coetzee by die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, het waardevolle inligting opgelewer. Die advertensies en kort beriggies in tydgenootlike periodieke publikasies soos die *Kamp Kruimels* en *De Krijgsgevange* van St. Helena, asook koerante soos *De Kerkbode* en *St. Helena Guardian* en die *Haarlem's Dagblad* van Nederland, het addisionele inligting verskaf.

Die gebruik van Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe as 'n primêre bron was tot op hede nog grootliks onderbenut. Met hierdie studie is dié voorwerpe egter as 'n primêre bron van inligting beskou. Die versamelings wat hoofsaaklik gebruik is, was dié van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, die Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, asook Museum Africa in Johannesburg. Die nasionale museum op St. Helena is ook besoek. Die agtergrondinligting verkry uit aanwinsregisters en skenkerdokumentasie het bygedra om intrinsiese inligting rakende die voorwerpe in te win, wat andersins verlore sou gaan. Versamelaars en erkende veilingshuise is genader om inligting en visuele beelde van voorwerpe te verskaf.

Sekondêre literatuur soos gepubliseerde boeke, proefschrifte, verhandelings en artikels in joernale wat handel oor die krygsgevangenes se ervaringe in die onderskeie krygsgevangenekampe, het belangrike inligting bevat. Benewens die sekondêre bronne wat reeds bespreek is, het letterkundige bronne soos gepubliseerde dagboeke en herinneringschrifte van krygsgevangenes, onder meer CR Kotzé se *My ballingskap* (Kaapstad, 1942) en J Louw se *Ds AF Louw op St. Helena: Brieue en belewenisse* (Pretoria, 1963) bygedra om die onderwerp verder toe te lig. Tydskrifartikels in veral *Die Huisgenoot*, soos D Mostert se "Waardevolle gedenkstukke" (Desember 1922) en JJ Oberholster se "Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf" (24 Februarie 1967), het nuttige inligting toegevoeg.

Agtergrond

Tydens die Anglo-Boereoorlog, ook bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902, moes die Britse owerheid vir sowat 27 000 Boerekrygsgevangenes in kampe voorsiening maak. Hierdie kampe was oor die Britse ryk versprei, naamlik in die Kaapkolonie en Natal, op St. Helena, Ceylon (vandag Sri Lanka), Indië (vandag Indië en Pakistan) en die Bermuda-eilande.

Die Britse militêre owerhede was onvoorbereid om groot getalle krygsgevangenes doeltreffend te huisves. Die oorlog het bo alle verwagtinge voortgesleep en die omvang van die aanhouding van 'n groot aantal krygsgevangenes het onhanteerbaar geword.¹ Die massa-oorgawes van generaal Piet Cronjé by Paardeberg op 27 Februarie 1900 met ongeveer 4 000 burgers en generaal Marthinus Prinsloo in die Brandwaterkom op 30 Julie 1900 met sowat 4 400 man, het die situasie vererger.²

1 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (DPhil-proefschrift, Universiteit van die Oranje-Vrystaat), 1975, pp 6, 10; FJG van der Merwe, "Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902" (DPhil-proefschrift, Universiteit van Stellenbosch), 1992, p 4.

2 F Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Pretoria, 1998), pp 22, 28, 49-50.

Die eerste kampe wat buite Suid-Afrika se grense ontstaan het, was op St. Helena. St. Helena is 'n vulkaniese eiland in die Suid-Atlantiese Oseaan, ongeveer 1 950 km van die kus van Afrika en 2 700 km vanaf Kaapstad op die $15^{\circ} 55'$ suiderbreedte en $5^{\circ} 42'$ westerlengte. Die eiland is 16,9 km breed van oos na wes en 10,5 km lank van noord na suid en beslaan 'n oppervlakte van 122,5 vk. km. Die enigste dorp en hoofstad is Jamestown.³

Op 11 April 1900 het die eerste groep van 514 krygsgevangenes op die SS *Milwaukee* by St. Helena aangekom. Volgens die sensusopname teen 1901 was daar toe reeds 4 655 krygsgevangenes op die eiland. In 1902 het die krygsgevangenes aan bord van die SS *Orient*, die SS *Brittanic* en die SS *Victorian* dié getal opgestoot na 5 866.⁴

Twee primêre kampe is op St. Helena opgerig, naamlik Deadwood en Broadbottom.⁵ Deadwood is eerste aangelê op 'n boomlose en winderige plato. Daar was 11 ryte met 15 tente in elke ry, dus 'n totaal van 165 tente wat elkeen 12 man gehuisves het. Die beknopte toestande het later veroorsaak dat die kampowerheid toestemming aan krygsgevangenes verleen het om hutte te bou met enige boumateriaal wat hulle in die hande kon kry. onder meer olieblikke, sakke en bamboes. Dié gedeelte van die kamp het spoedig bekend gestaan as Blikkiesdorp.⁶



Figuur 1: Die Deadwood-krygsgevangenekamp (Blikkiesdorp), St. Helena

(Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 04028)

3 OJO Ferreira (red), *Krijgsgevangenschap van LC Ruijssenaers 1899-1902* (Pretoria, 1977), p 20; FJG van der Merwe, "Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog...", p 19.

4 FJG van der Merwe, "Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog...", p 19; E Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Centurion, 2010), p 97.

5 FJG van der Merwe, "Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog...", p 19.

6 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog...", pp 149, 152; E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, p 104.

Weens die tekort aan voldoende spasie en namate daar onenigheid tussen die Transvalers en Vrystaters in Deadwood ontstaan het, het die kampowerhede besluit om 'n tweede kamp op te rig. Broadbottom is ongeveer 8 km vanaf Deadwood in 'n breë, vlak, boomlose vallei opgerig en kon reeds vroeg in 1901 betrek word. Net soos in Deadwood het die onvoldoende akkommodasie daartoe gelei dat hier ook hutte gebruik is en dié gedeelte van die dorp het as Lappiesdorp bekend gestaan.⁷

'n Derde kleiner kamp het mettertyd naby Deadwood ontstaan, bekend as die "Vredeskamp", "Jamkamp" of "Judaskamp" waarin die krygsgevangenes aangehou is wat die eed van getrouheid teenoor die Britse kroon afgelê het.⁸ Opstandige krygsgevangenes en diegene wat gevang is nadat hul ontsnappingspogings misluk het, is in Fort High Knoll aangehou.⁹

Nadat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 onderteken is, het die nuus soos 'n veldbrand deur die krygsgevangenekampe op St. Helena versprei. Die mans wat vervolgens die eed van getrouheid afgelê het en dit kon bekostig om op eie onkoste 'n skip te haal, het sonder enige oponthoud na Suid-Afrika teruggekeer. Die meerderheid krygsgevangenes moes egter maande lank wag vir die ampelike transportskepe.¹⁰ Beide Deadwood en Broadbottom is in Oktober 1902 as krygsgevangenekampe gesluit.¹¹

Motiverings vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns

Die hoofmotivering vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns was verveeldheid en ledigheid.¹² CR Kotzé skryf dat sy medekrygsgevangenes op St. Helena se grootste vraag die eerste paar maande van hul kamplewe was: "Wat maak ons met ons tyd?"¹³ Hulle moes iets vind om die eentonigheid van die kamplewe te breek, en hulself konstruktief besig te hou sodat selfbejammering en hartseer hokgeslaan kon word. Op St. Helena het die Britse militêre owerheid houtsnywerk en graving as tydverdryf aangemoedig.¹⁴

7 E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, pp 105-106.

8 FJG van der Merwe, "Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog...", p 19; E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, p 106.

9 E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, pp 106, 110.

10 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog...", pp 8-9; E Wessels, *Bannelinge in die vreemde: ...*, p 160.

11 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog...", pp 151-152.

12 JC Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, 1992), p 134.

13 CR Kotzé, *My ballingskap (St. Helena)* (Kaapstad, 1942), p 50.

14 Cd 431 Colonial Reports, No 323 St. Helena, Report for 1900, p 16.

'n Tweede motivering wat na vore getree het namate die krygsgevangenes se handwerkbedrywighede al hoe meer bekend geraak het, was die ruil of verkoop van krygsgevangenekunsvoorwerpe. Op dié manier kon die krygsgevangenes 'n inkomste verdien.¹⁵ Daarmee kon hulle hul daaglikse dieet aanvul of tabak koop.¹⁶ Die geskiedskrywer JJ Oberholster is van mening dat die handwerkbedrywighede wat aanvanklik net as 'n tuisnywerheid begin het om letterlik die tyd te verdryf en verveeldheid te bekamp, weldra oorgegaan het na 'n handelsmotief. Dit het stukrag verleen om 'n industrie te vestig, aangesien daar 'n groot aanvraag na die handgemaakte krygsgevangenekuns was.¹⁷ Daar was veral 'n aktiewe mark vir die verkoop van Boerekrygsgevangenehandwerk aan Britse soldate en offisiere. Kotzé het in sy herinneringe aangedui dat Blikkiesdorp die middelpunt van handel en kunsvalt was en dat honderde mans dwarsdeur die nag met hul naalde, kwaste, sae, bore en messe gewerk het.¹⁸

In die derde plek het die moontlikheid om finansieel tot die Weduwee- en Wesefonds by te dra, as 'n addisionele dryfveer onder die krygsgevangenes posgevat. Volgens die kampkommandant, AL Paget, was die voorstel dat elke man wat op parool gegaan het, 'n stok moes saambring om gekerf en gepoleer te word, wat dan weer in Europa verkoop kon word. Die opbrengs (minus die vervoerkoste) sou in dié fonds gestort word.¹⁹ 'n Kommissie is in die Deadwood-kamp gestig met kommandant Sarel Ellof as voorsitter. In die Broadbottom-kamp is ook 'n kommissie gestig met kommandant A van Niekerk as voorsitter.²⁰ Volgens Kotzé het die verkoope van versendings uit die krygsgevangenekampe op St. Helena ten bate van die weduwees en wese teen Desember 1901 reeds £231 beloop.²¹

'n Vierde motivering wat vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns aangevoer word, is die verkoop van voorwerpe om fondse vir sendingaksies binne Suid-Afrika en in die buiteland in te samel.²² Onder leiding van dominee AF Louw het 'n kommissie van agt lede met die naam *St. Helena Christelijk Strevers Zending Handworkers Genootschap* dié inisiatief hanteer.²³

15 JC Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p 134.

16 P Oosthuizen, *Boer War memorabilia: The collectors' guide* (Edmonton, 1987), p 83.

17 JJ Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 1967-02-24, p 24.

18 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 58.

19 AL Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part II), *Longman's Magazine*, 39(229), November 1901, p 45.

20 *De Krygsgevangene* 1, 1901-06-08, p 2.

21 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 74.

22 *De Kerkbode*, 34, 1901-08-29, pp 489-490.

23 J Louw, *Ds AF Louw op St. Helena: Briefe en belewenisse* (Pretoria, 1963), pp 79-80; *De Kerkbode*, 36, 1901-09-12, p 511.

In die vyfde plek is krygsgevangenehandwerk ook vervaardig met die spesifieke doel om in museumversamelings opgeneem te word. Op 14 Desember 1901 meld *De Krijgsgevangene* dat kommandant Eloff die versugting uitgespreek het dat krygsgevangenehandwerk in museums in Pretoria en Bloemfontein uitgestal moes word. 'n Kommissie moes aangestel word wat sou toesien dat dit wel gebeur.²⁴ Volgens goewerneur RA Sterndale is 'n verskeidenheid handgemaakte voorwerpe uit hout, metaal en been afkomstig van die krygsgevangenkamp by Deadwood, ook aan die destydse museum op St. Helena geskenk.²⁵

Laastens het die vervaardiging van krygsgevangenekuns vir die mans en jong seuns die geleenthed gebied om uiting te gee aan innerlike emosies en gevoelens. Oosthuizen skryf dat van die kleinste tot die grootste handwerkskeppinge inherent die weerspieëling was van die krygsgevangenes se onuitgesproke heimwee, verlange, liefde vir en hunkering na dinge wat hulle in Suid-Afrika moes agterlaat. Dit het diewoordlose verhaal van hul leed uitgebeeld. Hy skryf verder: "Dit is die verhaal van die tragiek van hul lewens, hul eensaamheid, hul verlange, humor, hoop en verwagtinge, maar ook van verydeling, frustrasie, onvervulde drome en ideale".²⁶ Die onderliggende en onsigbare rede van verlange na geliefdes in Suid-Afrika het grootliks ook bygedra tot die maak van sogenaamde liefdesgeskenke.²⁷

Beskikbare gereedskap

Oberholster skryf dat die knipmes deurgaans seker die belangrikste en mees gewaardeerde stuk gereedskap was wat die Boerekrygsgevangenes besit het. Veral die *Joseph Rogers*-knipmes vanaf Sheffield, Engeland, was blybaar baie gewild. Knipmesse is besonder goed opgepas en op 'n spesiale slypklip of -plank skerp gemaak. Knipmesse is ook nie sommer vir enigiemand uitgeleen nie.²⁸

Krygsgevangenes het ook innoverende plaasvervangers geprakseer. Op St. Helena is vurkstele omskep in bore of beitels en tafelmesse het sae geword. Terwyl die krygsgevangenes op parool was, het hulle enige stuk draad of yster bymekaar gemaak om dit later te stamp, slaan en skuur totdat dit in bruikbare gereedskap omskep kon word.²⁹ Verder het die krygsgevangenes geïmproviseer deur sambreelspeke te omskep in figuursae en klippe het hamers geword.³⁰

24 *De Krijgsgevangene* 14, 1901-12-14, p 2.

25 Cd 431 Colonial Reports, No 323 St. Helena, Report for 1900, p 13.

26 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog...", pp 283-284.

27 JC Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p 137.

28 JJ Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 1967-02-24, pp 24, 26.

29 CR Kotzé, *My ballingskap ...*, pp 50-51.

30 P Gosse, *St. Helena 1502-1938* (London, 1938), p 339.



Museum Africa, Johannesburg. PH2018-25

Figuur 2: Die selfgemaakte gereedskap wat deur HT Siglé (foto links) gebruik is tydens sy krygsgevangenskap op St. Helena vir reliëfkerfwerk op kissies en pype

(Bron: Museum Africa, Johannesburg: PH2018-25)

Met die inkomste wat krygsgevangenes uit die verkope van hul handwerk verdien het, kon hulle doelgerigte gereedskap aankoop. Volgens Oberholster was die eerste twee stukke gereedskap wat gewoonlik aangeskaf is, 'n figuursaag en 'n vyl.³¹ J McDonald skryf dat hulle klein sagies en ander werktuie in Jamestown gekoop het terwyl hulle op parool was. Later kon hulle ook beter gereedskap in Deadwood se kampwinkels aankoop, soos by die besigheid "Malherbe en Schultz" wat 'n verskeidenheid voorraad aangehou het – van 'n pak klere tot 'n naald.³²


Talle krygsgevangenehandwerk is op draaibanke vervaardig. Van die draaibanke in die Deadwood-kamp is deur 'n windmeule aangedryf, aangesien die wind aanhoudend gewaai het.³³ 'n Sekere Jooste het by die onderpunt van Blikkiesdorp (waar die wind nie deur ander hutte gekeer is nie) 'n windmeule aan die hoek van sy hut aangebring, om die wiel van die draaibank binne-in die hut met windkrag aan te dryf. Die doeltreffende gebruik van windkrag het 'n

31 JJ Oberholster, Hulle knipmesse het 'n boodskap gekerf, *Die Huisgenoot*, 1967-02-24, p 26.

32 Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria (hierna DNKM): K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: J McDonald – K Roodt-Coetzee, 1939-06-21.

33 DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: JB de Villiers – K Roodt-Coetzee, 1941-02-17.

nuwe wending aan die kwantiteit en kwaliteit van produksie verskaf. Spoedig was daar ses windmeulens met draaibanke in die Deadwood-kamp aanwesig.³⁴



Figuur 3: Krygsgevangenes voor HT Siglé se werkswinkel in die Deadwood-kamp. Die windmeule wat die draaibank binne-in die gebou met windkrag aangedryf het, is duidelik sigbaar by die regterkantste hoek van die gebou

(Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02577)

Beskikbare roumateriaal

Hout is die meeste vir vervaardigingsdoeleindes gebruik. Die beskikbaarheid daarvan op St. Helena was egter problematies as gevolg van die ontbossing van St. Helena se woude gedurende die eiland se vestigingsjare. In 1513 is bokke deur die Portugese reisigers op die eiland losgelaat as 'n toekomstige voedselbron. Die bokke het geen natuurlike vyande gehad nie en het so vinnig aangetel dat daar teen 1588 duisende bokke was wat die jong boompies verslind het en die ouer bome wat bereikbaar was, afgetakel het. Die inwoners van St. Helena se behoefté aan vuurmaakhout en timmerhout het ook daartoe bygedra om die reeds kwynende inheemse plantegroei verder te vernietig.³⁵

Met die kom van die krygsgevangenes in 1900 is nog meer druk op die eiland se natuurlike hulpbronne geplaas. Dit het daartoe geleid dat krygsgevangenes

34 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 52.

35 EL Jackson, *St. Helena: The historic island from its discovery to the present date* (London, 1903), p 49; J van Zyl, Houtsoorte: Krygsgevangene items, *Knapsak* 19(3), November 2007, p 8; Agriculture and Forestry Department, Introduction to St. Helena endemics, <http://www.sthelena.se/endemic/flora.html>, besoek 2017-05-22.

deur die owerheid in 'n amptelike kennisgewing van 13 Mei 1901 verbied is om bome af te kap of hout uit die goewermentswoude te verwyder.³⁶ Nogtans het goewerneur Sterndale die krygsgevangenes aangemoedig om houtsnywerk te beoefen. Vanaf die omvangryke privet (mondhout) wat op die terrein van die goewermentshuis gegroeи het, het hy hulle van honderde stokke voorsien om kieries mee te maak.³⁷ Die krygsgevangene HH van Niekerk skryf in sy dagboek oor die hout wat gebruik is: "Zijn houtoester [houttoetser] ging met ons mee om de stokken voor ons te kappen. Wij toonden en hij kapte elf stokken. De soorten hout waren privet en olive".³⁸ Die olyf waarna verwys word is waarskynlik die St. Helena-olyf (*Nesiota elliptica*) met sy harde donkerbruin hout wat teen die negentiende eeu baie skaars geword het.³⁹

Weens die verbod op die afkap van bome het die krygsgevangenes enige beskikbare hout wat hulle in die hande kon kry, gebruik. Die krygsgevangenes wat op parool was, het stokke en pale in die bosse bymekaargemaak.⁴⁰ 'n Groot gedeelte van die eiland se oorspronklike woude het bestaan uit gombome (*Commidendron robustum*) wat gekenmerk is deur hulle krom en knoetserige voorkoms.⁴¹ Die bome was egter reeds tydens die aanvang van die Anglo-Boereoorlog amper heeltemal uitgewis.⁴² Volgens die navorser Elria Wessels is die harde rooibruiinkleurige hout van die skaars inheemse St. Helena-rooihout (*Trochethiopsis erythroxylon*) moontlik ook deur die krygsgevangenes vir vervaardigingsdoeleindes aangewend.⁴³

Nog 'n inheemse houtsoort wat wel gebruik is, was die digte, harde, swartkleurige St. Helena-ebbehout (*Trochethiopsis ebenus*). Volgens QCB Cronk het die Boerekrygsgevangenes met die eeuwisseling die kuns om inlegwerk te beoefen aan die inwoners van St. Helena oorgedra en word hout vandag nog steeds op dié manier gebruik.⁴⁴ Sterndale het met die kroning van koning Edward VII op 8 Augustus 1902 'n geïllumineerde adres aan hom as 'n kroningsgeskenk gestuur. Dit was in 'n kissie van St. Helena-ebbehout vervaardig en een van die

36 St. Helena National Trust, Educational packs: 4.3 Island prisoners – Boers 1900-1902, <http://sainthelenaisland.info/boerprisonersnationaltrust.pdf>, 2017-06-07.

37 Cd 431 Colonial Reports, No 323 St. Helena, Report for 1900, p 16.

38 HH van Niekerk, Dagboek van Hugo H van Niekerk (red MCE van Schoor), *Christiaan de Wet Annale*, 1, Oktober 1972, p 124.

39 QCB Cronk, *The endemic flora of St. Helena* (Shropshire, 2000), p 63.

40 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 51.

41 EL Jackson, *St. Helena: The historic island...*, p 50; QCB Cronk, *The endemic flora of St. Helena*, p 74.

42 J van Zyl, Houtsoorte..., *Knapsak* 19(3), November 2007, p 8.

43 E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, p 133; QCB Cronk, *The endemic flora of St. Helena*, p 59.

44 QCB Cronk, *The endemic flora of St. Helena*, pp 58-59.

krygsgevangenes het dit oordadig uitgekerf.⁴⁵ Die nasionale embleem van St. Helena, die varkoorblom, is blykbaar deur ene Gelder met wit inlegwerk op die kissie aangebring.⁴⁶ DJ Joubert onthou dat van die krygsgevangenes op St. Helena die inheemse St. Helena-boxwood of palmhout (*Melissa Begoniifolia*) gebruik het.⁴⁷ Buiten die inheemse houtsoorte is uitheemse pyn- en dennehout ook vir die vervaardiging van krygsgevangenekuns gebruik.⁴⁸

Om voorsiening te maak vir die toenemende aantal krygsgevangenes en soldate se behoeftes, is hout ook vanaf Brittanje, Australië en Verenigde State van Amerika ingevoer.⁴⁹ Sommige krygsgevangenes het tot stukke hout wat deel van hul daaglikse rantsoen vuurmaakhout was, vir vervaardigingsdoeleindes gebruik.⁵⁰ Ander het weer afvalstukke hout van leë verpakkingskratte soos boeliebief- en beskuitkiste gebruik.⁵¹ Sederhout afkomstig van Britse offisiere se

sigaardosies het ook nie die vervaardigingsproses vrygespring nie.⁵² Diegene wat dit kon bekostig, het droë hout in Jamestown aangekoop.⁵³ By die Broadbottom-ambagskool is biervate teen twee sjielings elk gekoop waarvan die eikehoutduie gebruik is om stoele te maak.⁵⁴

Krygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van St. Helena is dus van 'n verskeidenheid houtsoorte vervaardig wat nie noodwendig inheems aan die eiland was nie. In die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein is daar krygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van St. Helena wat van verskillende houtsoorte gemaak is. Daar is selfs 'n miniatuurmodel van 'n ossewa wat van 'n Amerikaanse greinhout vervaardig is.⁵⁵

45 P Gosse, *St Helena...*, p 341.

46 DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: H Sausenthaler – K Roodt-Coetzee, 1940-07-30.

47 DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: DJ Joubert – K Roodt-Coetzee, 1940-04-30; Saint Helena Island Visitor Information, Endemic species, <http://sainthelenaisland.info/endemics.htm>, besoek 2018-08-07.

48 K Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in JH Breytenbach (red), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949), p 522.

49 St. Helena Archive, Jamestown: Official St. Helena Blue Book 1900, pp 198, 202, 206; EF Knight, *With the Royal tour* (Toronto, 1902), p 293.

50 J van Zyl, Houtsoorte..., *Knapsak* 19(3), November 2007, p 9.

51 CR Kotzé, *My ballingskap ...*, p 50.

52 HH van Niekerk, Dagboek van Hugo H van Niekerk..., *Christiaan de Wet Annale* 1, Oktober 1972, p 49.

53 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 51.

54 J Louw, *Ds AF Louw op St. Helena...*, p 81; *De Kerkbode* 40, 1901-10-10, p 560.

55 J van Zyl, Houtsoorte..., *Knapsak* 19(3), November 2007, p 9.

Been is die tweede meeste gebruik. Paget meld dat baie van die krygsgevangenes op St. Helena voortreflike beenkerwers was.⁵⁶ Die voorwerpe van been is uit skaap- en beesbene vervaardig wat die krygsgevangenes as vleisrantsoene ontvang het. Veral murgbene is gebruik. Die been moes gewoonlik eers 'n sekere behandeling ondergaan om die geelagtige vet te verwijder.⁵⁷ J Louw onthou dat hulle gedurende hul krygsgevangenskap die sopbene goed in soutwater gekook het om te verhoed dat dit geel word.⁵⁸ Volgens JB de Villiers het die bene mooi wit vertoon wanneer die vleis eers afgesny en die bene daarsonder gekook is.⁵⁹ Bene en horings kon by die plaaslike slagter gekry word.⁶⁰ By Deason het die krygsgevangenes twee pond "groen" bene, wat nog nie skoongemaak was nie, vir een pond ou bene verruil. Volgens die krygsgevangenes was dit makliker om die ou bene te bewerk en was dit ook nie nodig om dit te kook nie.⁶¹

Die museumkundige K Roodt-Coetzee het met HT Siglé, 'n oudkrygsgevangene van St. Helena, 'n persoonlike onderhoud gevoer waartydens hy 'n makabere gebruik oorvertel het. Siglé beweer dat daar op St. Helena baie oorblyfsels van die slawehandeltydperk oorgebly het en dat 'n groot aantal beendere rondgelê het wat deur die krygsgevangenes gebruik is om voorwerpe mee te vervaardig.⁶² Nog 'n medekrygsgevangene, CH du Plessis, maak ook melding van dié gebruik. Hy skryf dat mensbeendere by Ruperts Valley opgetel is, waar die slawe op St. Helena begrawe is, en dat hulle onder meer borsspelde van die bene gemaak het.⁶³

Met hul wandelinge langs die kus het die krygsgevangenes 'n walvisgeraamte ontdek, wat nuwe dryfkrag aan die handwerkindustrie verleen het. So is daar snuifdosies en poeierdosies, asook kieries, ryswepe en kort soldatestokkies (*batons*) van walvisbeen gemaak.⁶⁴ J Spiro wat 'n tent in die Kasteel se tuine in Jamestown gehad het, het in *De Krygsgevangene* van 29 Junie 1901 geadverteer dat hy 'n groot aantal walvisbene en -tande teen redelike pryse te koop aanbied.⁶⁵ Die Skandinawiërs in Deadwood-kamp was veral betrokke by die vervaardiging

56 AL Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war, at Deadwood Camp St. Helena, 1900-1901 (Part I), *Longman's Magazine* 38(228), October 1901, p 525.

57 D Mostert, Waardevolle gedenkstukke, *Die Huisgenoot*, Desember 1922, p 347; DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: JB de Villiers – K Roodt-Coetzee, 1941-02-17.

58 K Roodt, Die krygsgevangenes as kultuurgroep, *Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur* (Universiteit van Pretoria), Oktober 1933, s.p.

59 DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: JB de Villiers – K Roodt-Coetzee, 1941-02-17.

60 CR Kotzé, *My ballingskap*..., p 52.

61 J Louw, *Ds AF Louw op St. Helena*..., p 79; *De Kerkbode* 36, 1901-09-12, p 511.

62 K Roodt, Die krygsgevangenes as kultuurgroep, *Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur*..., Oktober 1933, s.p.

63 DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: CH du Plessis – K Roodt-Coetzee, s.a.

64 CR Kotzé, *My ballingskap* ..., p 52.

65 *De Krygsgevangene* 4, 1901-06-29, p 3.

van voorwerpe uit been en ivoor.⁶⁶ Die ivoor waarna verwys word, is waarskynlik groot vis- en walvistande wat hulle by die eilandbewoners verkry of gekoop het en dan in pragtige dosies en borsspelde verwerk het.⁶⁷ In September 1901 verskyn daar 'n berig in die *Haarlem's Dagblad* van 28 September 1901 dat FC Versélewel de Witt Hamer 'n nuwe besending krygsgevangenehandwerk vanaf St. Helena ontvang het, onder meer voorwerpe kunstig vervaardig uit walrustande.⁶⁸



Figuur 4: 'n Kerie van walvisbeen met 'n geronde knop as handvatsel en die bewoording "St. Helena, POW, 1902"

(Bron: Waldmeister-versameling, Engeland: Geen aanwinsnommer, kerie, 1902)

Metaal is ook op St. Helena vir vervaardigingsdoeleindes aangewend. Daar is onder meer medaljes van halfkrone en pennies met uitbeeldings van presidente Kruger en Steyn daarop gemaak.⁶⁹ Sterndale het spesiaal in sy goewerneursjaarverslag melding gemaak van een van die krygsgevangenes wat 'n juwelier van beroep was. Hy het met baie elementêre gereedskap 'n klein silwer rosie met blaartjies uit 'n half-kroonmuntstuk vir die uitstalling in die Kasteel gemaak.⁷⁰

Smeltwerk is ook beoefen. Die verlangde embleem is uit hout gesny en in klei afgedruk, waarna dit droog geword het. Gesmelte goud- en silwermuntstukke of metaalwapens van hoede is dan in die kleivorm gegooi en laat hard word om die gewenste eindresultaat te verkry.⁷¹ In die *Kamp Kruimels* van 10 Januarie 1901 adverteer die Switser Charles Emile Nicolet dat die blywendste aandenking van krygsgevangenskap 'n medalje of republikeinse kenteken is, wat deur hom gemaak en verkoop word by hut 107 in Blikkiesdorp.⁷² In die program van 'n sportbyeenkoms van 16 April 1901 word Nicolet voorgehou as 'n bekende

66 JHL Schumann, *Ter gedachtenis: Een voorlezing op St. Helena, in de kampen voorgedragen* (St. Helena, 1902), p 21.

67 DNKM: K Roodt-Coetze Argief, Boks 65: JB de Villiers – K Roodt-Coetze, 1941-02-17 en GH Jooste – K Roodt-Coetze, 1940-08-09.

68 *Haarlem's Dagblad*, 1901-09-28, p 3.


69 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 52.

70 Cd 431 Colonial Reports, No 323 St. Helena, Report for 1900, p 10.

71 DNKM: K Roodt-Coetze Argief, Boks 65: HT Siglé – K Roodt-Coetze, s.a.

72 *Kamp Kruimels* 4, 1901-01-10, p 4.

silwersmid. In die advertensie word dit beklemtoon dat hy die oorspronklike ontwerper en vervaardiger is van ZAR- en OVS-metaalwapens in die vorm van kentekens, borsspelde en medaljes.⁷³



Figuur 5: C Nicolet (links) en E Marais besig om kentekens, borsspelde en medaljes in die Deadwood-kamp te vervaardig

(Bron: Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB34358)

Horing is in 'n mindere mate gebruik om krygsgevangenekuns soos drinkglase en vuurhoutjieboksoortreksels te maak.⁷⁴ GJ Loots skryf dat die handvatsels van kieries gewoonlik van beeshoring was wat in water gekook en dan in die verlangde vorm gebuig is.⁷⁵ Beeshoringpunte is ook onderaan die steelpunte van kieries aangebring.⁷⁶ 'n Krygsgevangene, ene Jooste, het met behulp van sy draaibank allerhande voorwerpe uit hout, been, horing en walvisbeen vervaardig. Blykbaar was die kelkies wat hy van horing gemaak het in aanvraag en het goed verkoop.⁷⁷

Die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns deur spesialisvakmanne

Oosthuizen maak die stelling dat die skeppende krag van die ongeskoolde krygsgevangenes tot 'n verbasende peil ontwikkel het en dat talle van die

⁷³ Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria (hierna NASA): TAB, A1641, J Bernardus Schoeman Aanwins: Plakboek van JB Schoeman.

⁷⁴ JA Kimball, *Trench Art: An illustrated history* (California, 2004), p 12.

⁷⁵ DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: GJ Loots – K Roodt-Coetzee, 1940-04-16.

⁷⁶ CR Kotzé, *My ballingskap....*, p 52.

⁷⁷ JHL Schumann, *Ter gedachtenis....*, p 22.

mans skielik bewus geword het van 'n sluimerende talent.⁷⁸ Vir baie van die krygsgevangenes was die aanvanklike pogings om krygsgevangenekuns te vervaardig egter amateuragtig en die voorwerpe ru afgewerk. H Scholtemeijer het tereg opgemerk dat "al doende leert men" en was die latere pogings fyner en kunstiger afgewerk.⁷⁹

Namate die mans se vaardigheid toegeneem het, is hulle tot groter vindingrykheid en ondernemingsgees aangespoor wat die vervaardiging van krygsgevangenehandwerk spoedig tot 'n bedryf laat ontwikkel het.⁸⁰ Kotzé het ook tot die gevolgtrekking gekom dat mededinging tussen vervaardigers as aansporing gedien het. Volgens hom het die tentoonstellings wat in die kampe op St. Helena gehou is, bygedra om 'n kompeterende milieu te skep, sodat die aantal inskrywings gestyg en die mededinging in die onderskeie afdelings toegeneem het. Hy skryf dat die krygsgevangenemans tydens die tentoonstellings by mekaar geleer het en dat dit hulle tot groter en beter ondernemings aangemoedig het.⁸¹

Op St. Helena was daar ook verskeie bekwame en opgeleide krygsgevangenes, onder andere argitekte, bouers, ingenieurs, timmermanne en kabinetmakers.⁸² Kotzé noem dat daar op St. Helena opgeleide skilders, timmermanne en messelaars was.⁸³

Dit wil voorkom of van die opgeleide vakmanne en kunstenaars in die onderskeie krygsgevangenekampe veral buitelandse vrywilligers of genaturaliseerde Boere was wat van verskillende nasionaliteite afgestam het. Volgens die kultuurhistorikus JC Pretorius was daar veral opgeleide Europeërs wie se werk aan die professionele voorkoms daarvan uitgeken kon word. Sy maak spesifiek melding van die Skandinawiërs wat goed was met fyn houtkerfwerk en graving.⁸⁴ Matts Gustavsson reken dat die krygsgevangenes van Noorweegse herkoms op St. Helena oor verskillende ambagte beskik het wat hulle reeds voor die oorlog beoefen het. Die Noorweërs het blybaar al in 'n vroeë stadium van hul krygsgevangenskap gereedskap in die kamp ingesmokkel om voorwerpe mee te vervaardig.⁸⁵ Die joernalis EF Knight skryf dat daar werkswinkels met opgeleide kabinetmakers en metaalwers op St. Helena was, meestal van Duitse herkoms, wat speelgoed en allerhande ander

78 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...", p 276.

79 H Scholtemeijer, *Die balling oor die see (Uit die dagboek van 'n krygsgevangene)* (Kaapstad, 1949), p 61.

80 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...", p 280.

81 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 55.

82 P Gosse, *St. Helena...*, p 340.

83 CR Kotzé, *My ballingskap ...*, p 47.

84 JC Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p 135.

85 F Hale, Norwegian prisoners in the Second Anglo-Boer War, *South African Journal of Cultural History*, 14(2), November 2000, p 5.

krygsgevangenekunsvoorwerpe gemaak het.⁸⁶ Onder die Hollanders op St. Helena was daar trouens ook uitstekende meubelmakers.⁸⁷

Volgens die skeepslys van die eerste groep krygsgevangenes wat op 5 April 1900 by St. Helena aangekom het, was daar 18 swart Suid-Afrikaners aan boord.⁸⁸ Inligting duï daarop dat minstens een swart agterryer ook deelgeneem het aan die vervaardiging van krygsgevangenekuns. In die *Rijksdienst voor het Cultureel Erfgoed* se versameling in Deventer, Nederland, is daar naamlik 'n penhouer met 'n meegaande brief wat die herkoms van die pen aandui. Die penhouer is uitgesny deur 'n swart agterryer op St. Helena en aan die krygsgevangene FJ Kijzer as 'n aandenking gegee.⁸⁹

Op St. Helena is die krygsgevangenes aangemoedig om een of ander ambag aan te leer. Deadwood het nie soos Broadbottom formele klasse in houtwerk aangebied nie, maar die jonges is deur die meer ervare mans onderrig.⁹⁰ 'n Ambagskool is in die Broadbottom-kamp onder leiding van dominee De Vos as voorsitter en S Hiton as leermeester gestig. Twaalf jong mans wat die wens gekoester het om as timmermans opgelei te word, is as leerlinge aangewys. Die doel was om die skool selfbetaland te maak sodat die aantal leerlinge vermeerder kon word.⁹¹ Teen Maart 1902 is 'n tweede twaalftal leerlinge bearbei.⁹²

Oosthuizen merk op dat die krygsgevangenes se werksaamhede geleidelik al hoe meer gespesialiseerd geraak het by verskillende persone of groepe wat hulle op die vervaardiging van slegs een soort of tipe voorwerp toegespits het. Volgens hom het dié sodanige spesialisasie tot gevolg gehad dat die algemene gehalte van werk aansienlik verbeter het en dat die handwerk kunstiger en ingewikkelder geword het.⁹³ LC Ruijssenaers maak in sy herinneringe spesifiek daarvan melding dat die krygsgevangenes op St. Helena gespesialiseer het in die tipe voorwerpe wat vervaardig is. Hy skryf:⁹⁴

86 EF Knight, *With the royal tour*, p 294.

87 AL Paget, Some experiences of a commandant prisoner of war..., *Longman's Magazine* 38(228), October 1901, p 524.

88 E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, pp 95, 249.

89 Rijksdienst voor het Cultureel Erfgoed, Collectie Nederland: Musea, Monumenten en Archeologie, <http://data.collectienederland.nl/page/aggregation/musea-deventer/3644>, besoek 2017-01-17.

90 E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, p 141.

91 *De Krygsgevangene* 4, 1901-06-29, p 2; *De Kerkbode* 40, 1901-10-10, p 560.

92 *De Kerkbode* 10, 1902-03-13, p 116.

93 SPR Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog...", pp 273; 277-278; 282.

94 OJO Ferreira (red), *Krygsgevangenskap van LC Ruijssenaers...*, p 138.

Verder zijn er koffermakers. Een boer is handig en practisch van een oude beschuitenkist en oud blik maken ze werkelijk aardige koffertjes. Dan rijtuigmakers; ze maken miniatuur ossenwagens en rijkarren, die de Engelsche officieren ze afkoopen als curiositeit. Ook zijn er stokkensnijders, die van ruwe klein boomstammetjes heele mooie stokken met knoppen fabriceeren, pijpensnijders, kastenmakers, fotografen, teekenaars en kroeghouders.

Alhoewel daar krygsgevangenes was wat hulle toegespits het op die vervaardiging van spesifieke voorwerpe as 'n kunsvorm en dié voorwerpe in totaliteit deur slegs een persoon vervaardig en versier is,⁹⁵ was dit nie die algemene tendens nie. Pretorius maak die afleiding dat dit voorkom of die gravering, houtsnywerk en kunstige versiering van 'n voorwerp nie noodwendig deur een persoon alleen gedoen is nie, selfs al verskyn die persoon se naam daarop.⁹⁶

Volgens Roodt-Coetzee het onderlinge werksverdeling plaasgevind en het sommige krygsgevangenes selfs 'n hoë tegniese vaardigheid in 'n spesialisvakgebied ontwikkel.⁹⁷ Pretorius kom tot dieselfde gevolg trekking, afgelei van die waarneming dat van die uitgesnyde wapens van die Boererepublieke groot onderlinge ooreenkomste toon, wat daarop dui dat dit waarskynlik deur 'n persoon gedoen is wat hom op die uitsny daarvan toegespits het.⁹⁸ Daar was persone en vennootskappe wat verantwoordelik was vir die verfraaiing en kunstige afwerking van die reeds vervaardigde voorwerpe wat gespesialiseer het as vakmanne op 'n sekere gebied, soos lettersnyers, letterverwers, skilders, wapenskilders en wapensnyers.⁹⁹ Op St. Helena het hulle selfs naamborde buite hulle tente of blikhuisies aangebring om hulle dienste te adverteer, byvoorbeeld EE Lindberg "Engraver", A Jacobs en C Stols "Poleerders en Kieriemakers", Kotzé en Minnaar "Poleerders" en HT Siglé "Woodcarver".¹⁰⁰

Die 19-jarige Christiaan Roedolf Kotzé en Cornelis Hermanus Minnaar het met die enigste sikspens in hulle besit 'n bietjie politoer gekoop en daarmee 'n kerie begin poleer. Die eindresultaat was na wense en daarna het hulle al hoe meer voorwerpe begin bewerk.¹⁰¹ Die firma Kotzé en Minnaar van hut 44 in Blikkiesdorp het in die *Kamp Kruimels* van 24 Januarie 1901 geadverteer

95 DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: CH du Plessis – K Roodt-Coetzee, s.a.

96 JC Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p 135.

97 K Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, in JH Breytenbach (red), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp 522-523.

98 JC Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p 139.

99 JD Cilliers, Boere-krygsgevangenes op Ceylon, *Die Huisgenoot*, 1931-10-09, p 19.

100 H Scholtemeijer, *Die balling oor die see...*, p 63.

101 H de Graaf, *Boere op St. Helena: Die oorlogsdagboek van H de Graaf* (red PJ Nienaber) (Kaapstad, 1950), p 57.

dat hulle kieries en kissies die beste poleer. Boonop het hulle hulle ook daarop beroem dat hulle 'n eerste prys verower het tydens die industriële tentoonstelling wat op 5 November 1900 in die Deadwood-kamp gehou is.¹⁰² Vanaf 1 November 1900 tot einde April 1902 het hulle 1 088 kieries, 280 kissies en dosies, 1 092 penhouers, 48 papiermesse en 20 stoele gepoleer.

Cornelis Francois Vermeulen en sy seun Michael Johannes Vermeulen het gespesialiseer in die vervaardiging van kieries. Hulle het vanaf Junie 1900 tot die einde van Mei 1902 altesaam 610 kieries gemaak, waarvan 306 gedraaide kieries was.¹⁰³ Die firma van Kotzé en Minnaar het een van die mooiste gedraaide kieries wat deur CF Vermeulen gemaak is, gepoleer en dit aan president Kruger in Nederland vir sy 75ste verjaarsdag gestuur. Volgens H de Graaf was die president "baie aangedaan by die ontvangs daarvan".¹⁰⁴



Figuur 6: Staande is CH Minnaar (links) en CR Kotzé (regs), die poleerdeurs. Sittende is MJ Vermeulen (links) en CF Vermeulen (regs), die kierievervaardigers. Die kerie by Kotzé se hand is aan president Kruger in Nederland gestuur

(Bron: CR Kotzé, *My ballingskap* (Kaapstad, 1942), p. 57)

102 Kamp Kruimels 6, 1901-01-24, p 4.

103 H de Graaf, *Boere op St. Helena...*, p 57.

104 CR Kotzé, *My ballingskap*..., p 55; H de Graaf, *Boere op St. Helena...*, p 57.



Figuur 7: Die Transvaalse wapen verskyn op die punt van die handvatsel en die inskripsie “Aan ZAR SJP Kruger Staatspresident der ZAR. Gedachtenis van CF en MJ Vermeulen kreigsgevangene te St. Helena 10 Oktober 1900” is op die steel gegraveer

(Bron: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Krugerhuis, Pretoria: Kr 1148, kierie, 1900)


Die Hollander Hendrik Theodorus Siglé het onthou dat terwyl hy in die kamp rondgestap het, hy gesien het hoe 'n Boer besig was om 'n wapen op 'n pyp uit te sny. Daar en dan het hy ook besluit om met houtsnykuns te begin.¹⁰⁵ Volgens Siglé was die Boere lief daarvoor om kieries te maak en het hy 'n gaping in die mark aangespreek deur eerder op kleiner handwerkies te fokus wat beter verkoop het. Hy het besluit om te spesialiseer in die uitkerf en uitsny van ZAR- en OVS-wapens (tot drie op 'n dag), asook Britse regiments- en familiewapens op pype en op verskillende soorte kissies, soos handskoen-, sigaar-, sigaret- en kaartkissies.¹⁰⁶ Tydens die industriële tentoonstelling wat op 5 November 1900 in die Deadwood-kamp gehou is, het Siglé die eerste prys verower vir die beste houtsnywerk en *kerbschnitt* (tweedimensionele oppervlakkerfwerk), asook die tweede prys vir 'n verniste kierie van inheemse hout.¹⁰⁷ In sy winsgewende werkswinkel het Siglé ongeveer tien Boere as werknemers in diens geneem om

105 K Roodt, Die krygsgevangenes as kultuurgroep, *Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur...*, Oktober 1933, s.p.

106 NASA: TAB, A1641, J Bernardus Schoeman Aanwins: Plakboek van JB Schoeman; DNKM: HC6754/1, Plakboek van HT Siglé, s.a.; DNKM: K Roodt-Coetzee Argief, Boks 65: HT Siglé – K Roodt-Coetzee, s.a.

107 DNKM: HC6754/4, prestasiesertifikaat, 1900 en HC6754/5, prestasiesertifikaat, 1900.

die kissies en pypkoppe te vervaardig, terwyl hy self die embleme op die kissies aangebring het deur die wapens in was af te druk en dan uit te sny.¹⁰⁸



Figuur 8: Die binnekant van HT Siglé se werkinkel. Siglé sit heel voor regs met die potlood agter sy oor, besig met houtkerfwerk

(Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 02581)



Figuur 9: 'n Kissie met regimentswapens in sirkels daarop uitgekerf vir 'n Britse soldaat, met die inskripsie "Made by HT Siglé POW" aan die binnekant van die deksel

(Bron: Waldmeister-versameling, Engeland: Geen nommer, kissie, 1902)

In die verskillende krygsgevangenekampe was daar ook etlike kunstenaars wat kon teken en skilder, soos Erich Mayer. Volgens Pretorius moet die invloed wat dié kunstenaars en amateurkunstenaars op die handwerk-kuns van die krygsgevangenes gehad het, nie onderskat word nie. Hulle was heel moontlik

108 K Roodt-Coetze, Die lief en leed van die banneling, in JH Breytenbach (red), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p 522; K Roodt, Die krygsgevangenes as kultuurgroep, *Studiestuk vir kursus in Afrikaanse Kuns en Kultuur....*, Oktober 1933, s.p.; DNKM: K Roodt-Coetze Argief, Boks 65: HT Siglé – K Roodt-Coetze, s.a.

verantwoordelik vir baie van die ontwerpe van reliëfwerk, asook die beskildering op voorwerpe, wat dan weer deur ander krygsgevangenes nagevolg is. Pretorius skryf ook dat daar talle onderwysers in die kampe teenwoordig was wat dikwels die versiering van geslagsregisters en liedereboeke gedoen het. Die aandeel wat die onderwysers aan die moontlike versiering (asook geskrewe teks) op die voorwerpe gehad het, moet nie buite rekening gelaat word nie.¹⁰⁹

Krygsgevangene Ernst Karl Erich Mayer was 'n Duitse argitek wat op St. Helena bekendheid verwerf het vir die talle sketse en skilderye wat hy gedurende sy gevangenskap geteken en geskilder het. Volgens Pretorius het Mayer deur sy kunswerke probeer om "die krygsgevangenes se verlange na hul vaderland en geliefdes, die menslike swakhede, maar ook die onverwoesbare skeppingsdrang" uit te beeld.¹¹⁰ Mayer het tydens sy gevangenskap op St. Helena sketse gemaak wat waarskynlik as voorskets gesien het vir die houtgraveurs waarop hulle dan hul tweedimensionele reliëfwerk en selfs driedimensionele kerfwerk gebaseer het. In *Die Huisgenoot* van 3 Desember 1926 verskyn 'n skets deur Mayer van 'n portretraam wat uit een stuk harde hout gesny is. Aan weerskante is daar twee staande leeus uitgekerf wat 'n gedeelte van die Transvaalse wapen vashou. Een van sy medekrygsgevangenes, SJ Nel, was die maker van die raam.¹¹¹



Figuur 10: Houtportretraam met die bewoording "St. Helena 1902" en "E Mayer KGV"

(Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 00538/00002, portretraam, 1902)

109 JC Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, pp 135; 141-142.

110 C Pretorius, *Op St. Helena – vol van hartepyn: Die oorlogskuns van Erich Mayer (1899-1902)* (Pretoria, 2000), pp 6; 59-60.

111 E Mayer, Boerekuns-in-Suidafrika, *Die Huisgenoot*, 1926-12-03, pp 53; 55.

Tentoonstelling, verspreiding en verkope van Boerekrygsgevangenekuns

Kotzé skryf dat die krygsgevangenes op St. Helena al hoe meer krygsgevangenekuns begin vervaardig het, wat hulle dan aan die eilandbewoners en veral die Britse offisiere verkoop het. Die soldate wou graag van die kuriositeite aan hulle vriende en familie stuur wat al so baie van ‘The Boers’ in die koerante gelees het.¹¹² Schumann skryf dat die krygsgevangenes op St. Helena tydens hul parool ’n kleinhandelsooreenkoms met die eilandbewoners aangegaan het waartydens hulle onder meer vrugte en groente vir Boerekrygsgevangenekuns geruil het. Hy maak ook melding daarvan dat die aanvanklike winsgewendheid later gekwyn het en die verkope begin afneem het, omdat die eiland baie klein en die bevolking nie baie welvarend was nie.¹¹³ Die krygsgevangenes het veral ook onder mekaar handel gedryf en handwerk is oor en weer verkoop of geruil.¹¹⁴



Figuur 11: 'n Waterverfskets deur Erich Mayer in 1901 op St. Helena van 'n Britse soldaat wat as potensiële koper besig is om 'n handgemaakte kerie te inspekteer

(Bron: Ditsong Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG7014/645, skets deur E Mayer, 1901)

112 CR Kotzé, *My ballingskap....*, p 50.

113 JHL Schumann, *Ter gedachtenis....*, p 24.

114 H Scholtemeijer, *Die balling oor die see....*, p 31.

In 1900 het goewerneur Sterndale 'n komitee saamgestel om 'n industriële tentoonstelling in Jamestown aan te bied. Die voorstel deur EL Warren dat die krygsgevangenes ook aan die uitstalling deelneem, is deur die komitee goedgekeur.¹¹⁵ Die krygsgevangenes het onder hul eie geledere 'n organiseringskomitee met kaptein BG Versélewel de Witt Hamer as voorsitter saamgestel. Op 5 November 1900 is die krygsgevangenes se handwerk in die hospitaal in Deadwood uitgestal en beoordeel.¹¹⁶ Daar kon vir 'n verskeidenheid handwerkafdelings ingeskryf word. Daar was onder meer hout-, been- en horingsnywerk, *kerbschnitt* (tweedimensionele oppervlakkerfwerk), slangdosies en "skelmdosies" of "boerebedrieërs" (kissies met geheime openinge), mandjies, visgraatwerk, penhouers, graveerwerk, modelle in klei en metaal, modelle van voertuie, musiekinstrumente, asook toekenning vir die beste gesnyde, gepoleerde, verniste, gebrande of snaaksste kierie van inheemse hout. 'n Groot aantal krygsgevangenes was ongelukkig omdat daar nie beoordelaars uit hul eie geledere verkies is nie.¹¹⁷ Op 10 November 1900 is die krygsgevangenehandwerk in die raadskamer van die Kasteel in Jamestown uitgestal.¹¹⁸

HH van Niekerk verwys in sy dagboek na 'n museumkomitee wat in die Broadbottom-kamp gestig is. Die komitee het op 21 Junie 1902 'n tentoonstelling in die *Oranje Zaal* gehou. Daar was baie Britte by die uitstalling teenwoordig en hulle het ongeveer £19 se krygsgevangenekuns opgekoop. Kolonel Brinckman het £4 10s vir 'n mandolien betaal. Selfs kolonel HOP Wright het sy tevredenheid met die uitstalling uitgespreek. Van Niekerk meld ook dat die tentoonstellers tevrede was met die toekenning van hul onderskeie sertifikate.¹¹⁹

Krygsgevangenekuns is ook in die Kaapkolonie versprei en verkoop. In die St. Helena-kampkoerant *De Krijsgevangene* van 8 Junie 1901 het die volgende advertensie verskyn: "Krijgsgevangenen die door hen gemaakte goederen in Zuid-Afrika wenschen te verkoopen kunnen steeds bij ons alle informatie krijgen. Men adverteerde de goederen in ons blaadje dat ook in de Kolonie een circulatie zal hebben".¹²⁰ Volgens Kotzé was die gepoleerde krygsgevangenekuns van die firma Kotzé en Minnaar gesogte uitvoermateriaal en het dit veral in Kaapstad goed verkoop.¹²¹

115 P Gosse, *St. Helena...*, p 339.

116 *St. Helena Guardian*, 1900-11-08, p 3.

117 Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein: 01366/00002, brosjure, 1900; H de Graaf, *Boere op St. Helena...*, p 45.

118 Cd 431 Colonial Reports, No 323 St. Helena, Report for 1900, p 9.

119 HH van Niekerk, Dagboek van Hugo H van Niekerk..., *Christiaan de Wet Annale*, 1, Oktober 1972, pp 177-178.

120 *De Krijsgevangene* 1, 1901-06-08, p 1.

121 CR Kotzé, *My ballingskap...*, p 54.



Figuur 12: Tentoontelling van Boerekrygsgevangenekuns in die Broadbottom-kamp op 21 Junie 1902. Die krygsgevangene WH van Heerden staan heel voor links

(Bron: R Ferreira, Ou briewe vertel van oupa se wedervaringe op St. Helena, *Knapsak* 21, Desember 2009, p. 18)

Boerekrygsgevangenekuns is na die Kaapkolonie gestuur en op plaaslike basaars verkoop om fondse vir die krygsgevangenes en die weduwees en wese in die konsentrasiekampe in te samel.¹²² Volgens *The Cape Times* van 18 Februarie 1901 sou nuttige krygsgevangenekunsvoorwerpe by 'n basaar op die pastorieterrein van die NG Kerk in Wynberg verkoop word. Weens ongure weer is die basaar uitgestel maar het dit wel 'n paar dae later plaasgevind. Die handwerk is by 'n stalletjie van lady De Villiers verkoop en *The Cape Times* van 22 Februarie 1901 het soos volg berig: "It was simply remarkable to see many articles that had been made by the Boer POW during their long hours of enforced leisure".¹²³

Vanaf 7 November 1900 het Versélewel de Witt Hamer en sy broer, FC Versélewel de Witt Hamer van Haarlem, briefwisseling in verband met die versending en verkope van Boerekrygsgevangenekuns in Nederland begin. FC het aan sy broer geskryf dat 'n paar kiste met voorwerpe aan hom gestuur moes word, waarna hy tentoonstelling sou organiseer en die verkope met behulp van die pers onder die publiek se aandag sou bring.¹²⁴ Die De Witt Hamer-broers was die groot dryfveer agter die projek om krygsgevangenekunsvoorwerpe in


122 *De Kerkbode* 39, 1900-09-27, p 597.

123 E Wessels, *Bannelinge in die vreemde...*, p 278.

124 Universiteit van die Witwatersrand Biblioteek, Johannesburg: A2400, De Witt Hamer Argief: FC Versélewel de Witt Hamer – BG Versélewel de Witt Hamer, 1900-11-07.

Europa te verkoop sodat 'n Europese mark geopen kon word.¹²⁵ Van Maart 1901 af was FC vir die verspreiding en verkoop van krygsgevangenehandwerk in Nederland verantwoordelik.¹²⁶

FC het verskeie tentoonstelling in 1901 en 1902 georganiseer om die verkoop van Boerekrygsgevangenekuns aan te moedig. Daar is onder meer op 14 en 15 September 1901 'n tentoonstelling in die saal van die "Societeit Vereeniging" in Haarlem gehou. Op aanvraag is die uitstalling met twee dae verleng en in die middae tussen 13:00 en 17:00 en saans van 19:00 tot 22:00 vir die publiek toeganklik gemaak.¹²⁷ In Rotterdam is die model van 'n boerewoning van J Hidde Nijland, saam met die kanon wat in die Deadwood-kamp gemaak is, ten toon gestel.¹²⁸ Die *Zuid-Afrikaansche* tentoonstelling by Scheveningen in Desember 1901 het ook groot aftrek gekry.¹²⁹



Figuur 13: Die *Zuid-Afrikaansche* tentoonstelling te Scheveningen in 1901

(Bron: Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria: TAB5985)

125 *De Kriëgsgevangene* 1, 1901-06-08, p 2; *De Kriëgsgevangene* 2, 1901-06-15, p 1.

126 *Haarlem's Dagblad*, 1902-04-22, p 2.

127 *Haarlem's Dagblad*, 1901-09-12, p 1; *Haarlem's Dagblad*, 1901-09-17, p 3.

128 *De Kriëgsgevangene* 14, 1901-12-14, p 2.

129 J de Beer en R de Beer, *St. Helena: Eiland van verlatenheid*, fotobeeld 1899-1902, p 43; NASA, Pretoria: TAB5985, foto: Zuid-Afrikaansche tentoonstelling te Scheveningen, 1901.

By die “Groote Societeit” te Enschedé is ’n tentoonstelling van 10 tot 12 Januarie 1902 aangebied waartydens die grootste trekpleister ’n goudstampbattery was. Eenvyfde van die toegangsgeld is spesifiek uitgesonder om aan die vervaardigers van die goudstampbattery te besorg.¹³⁰ Van die mooiste voorwerpe is ook in die *Zuid-Afrikaansch Museum* in Dordrecht uitgestal. Die museum is op 1 Julie 1902 deur Hidde Nijland geopen. Daar was ongeveer 2 000 Boerekrygsgevangenekunsvoorwerpe afkomstig van onder meer St. Helena op uitstalling.¹³¹ Op 7 Augustus 1902 het president Kruger die tentoonstelling te Scheveningen bygewoon, wat deur die *Den Haagsche Pro-Boer Vereeniging* georganiseer is. Die uitstalling het ’n spesifieke afdeling gehad vir voorwerpe wat deur Boerekrygsgevangelenes vervaardig is.¹³²

Slotopmerkings

Dié benadering wat in dié studie gevolg is bring die kultuurhistoriese belangrikheid van die krygsgevangenekuns wat op St. Helena vervaardig is na vore, in plaas daarvan om bloot net ’n inventaris van krygsgevangenekuns daar te stel.

Die langdurige bestaan van die Deadwood- en Broadbottomkrygsgevangenkampe op St. Helena, asook die groot aantal krygsgevangelenes wat daar gehuisves is, het tot gevolg gehad dat ’n aansienlike hoeveelheid krygsgevangenekuns op die eiland vervaardig is.

Bestaande bronne noem gewoonlik slegs twee redes vir die vervaardiging van Boerekrygsgevangenekuns: Eerstens om ledigheid en verveeldheid te bekamp, tweedens om ’n inkomste te verdien waarmee addisionele voedsel en tabak gekoop kon word. Daar bestaan egter meer motiverings wat persone se betrokkenheid by die gewilde tydverdryf aangemoedig het. Die vervaardiging en verkope van krygsgevangenekuns ten bate van die Weduwee- en Weseefonds, asook vir sendingaksies binne en buite Suid-Afrika, het as twee addisionele dryfvere na vore getree. Alternatiewelik het krygsgevangelenes ook krygsgevangenekuns vervaardig om met hul terugkeer in Suid-Afrika aan museums te sken. Laastens is krygsgevangenekuns vervaardig om materiële vergestalting te gee aan krygsgevangelenes se innerlike emosies en gevoelens.

130 *Haarlem's Dagblad*, 1902-01-15, p 2.

131 F Oudschans Dentz, Van Dordrecht naar Pretoria; De geschiedenis van het Zuid-Afrikaansch Museum en een schilderij, *Historia*, 4(4), Desember 1959, pp 248-249.

132 NASA, Pretoria: TAB3591, foto: President Kruger en die bestuur van die Den Haagsche Pro-Boer Vereeniging, s.a.

Die beskikbaarheid van gereedskap en gesikte roumateriaal het 'n definitiewe invloed op die kwantiteit en kwaliteit van Boerekrygsgevangenekunsvervaardiging gehad. Benewens die knipmes is innoverende gereedskap geprakseer en namate 'n inkomste uit verkope verkry is, kon beter gereedskap aangekoop word. Die ekstensiewe gebruik van hand- en windaangedrewre draaibanke het veroorsaak dat produksie verbeter het en dat die aanvanklike amateuragtige handwerkbedrywighede in 'n volskaalse industrie ontwikkel het.

Dis is egter ook opmerksaam dat 'n wye verskeidenheid inheemse en uitheemse houtsoorte op St. Helena gebruik is, in plaas van die een of twee tipes kenmerkende houtsoorte soos wat die geval op Bermuda was, waar hoofsaaklik sederhout en op Ceylon hoofsaaklik ebbehout gebruik is. Buiten hout is daar onder meer ook roumateriaal soos been en horing, asook verwerkte metaal gebruik.

Die algemene wanopvatting onder die breë publiek en navorsers dat 'n enkele krygsgevangene alleenlik verantwoordelik was vir die totale vervaardiging van 'n krygsgevangenekunsvoorwerp, bloot omdat die persoon se naam daarop verskyn, is in baie gevalle ongegrond. Spesialisvakmanne en kunstenaars het hulle op sekere spesialiteitsgebiede toegespits, soos lettersnyers, letterverwers, skilders en poleerders. Ander het hulle weer op die vervaardiging van slegs een tipe voorwerp toegespits, soos kieries of pype. Op hierdie wyse was verskeie krygsgevangenes betrokke by die vervaardigingsproses en as't ware deel van die ratte van die wiel van industrie.

Van die opgeleide vakmanne en kunstenaars was buitelandse vrywilligers of genaturaliseerde Boere wat van verskillende nasionaliteite afgestam het. Die buitelanders se invloed op die vervaardiging van krygsgevangenekuns is duidelik sigbaar. Met die studie is daar ook bewys gelewer dat swart krygsgevangenes wel deelgeneem het aan die proses om krygsgevangenekuns te produseer. Die bydraes van ander groepe duï daarop dat die term Boerekrygsgevangenekuns wyer geïnterpreteer behoort te word.

Benewens die hoeveelheid krygsgevangenekuns wat vervaardig is met die persoonlike doel om dit vir gesinslede te neem met die krygsgevangenes se terugkeer na Suid-Afrika, is doelbewuste pogings aangewend om plaaslike en internasionale potensiële markte te ontgin. In die geval van St. Helena is plaaslike afsetgebiede in die onderskeie krygsgevangenekampe gevestig en is daar veral met Britse soldate en offisiere, asook met die plaaslike inwoners in Jamestown handel gedryf. Tot op hede verwys weinig min bestaande bronne na die internasionale afsetgebiede vir die verkope van Boerekrygsgevangenekuns. In die studie is gepoog om die leemte aan te spreek deur die omvang van die verkope, verspreiding en tentoonstellings in Suid-Afrika, sowel as in Nederland, uit te lig.